

Sing vooraf staande: Psalm 31:6 (p. 144)

6 U het my nimmer oorgegewe / aan vyande wat wreed
getrag het na my leed. / Deur U, bevryder van my lewe,
kan ek met vrye skrede / nou wandel in u vrede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 34:6 (p. 167)

6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 130:4 (p. 636)

4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregtighede. / HEER, doen ook so aan my!

Gebed

Psalm 147:5 (p. 707)

5 Laat nou jou stem, o Salem, rys! / O Sion, wil die HERE prys!
Hy dek jou dig vir slag en stoot, / versterk jou poorte teen die dood.
Hy sien jou kinders met jou mee / as Hy jou land die vrede gee.
Hy laat jou akkers wuiwend staan / en voed jou met die beste graan.

Skriflesing: Romeine 5

Teks: Romeine 5:1

**Omdat ons dan uit die geloof geregtig is, het ons vrede by God deur
onse Here Jesus Christus;** (Romeine 5:1 AFR53)

Watter gelowige mens is daar wat eerlik kan sê dat hy nog nooit bekommerd was oor sy
verhouding met die Here nie?! Elke mens wonder maar die een of ander tyd wat met hom
gaan gebeur as die Here hom die dag gaan oordeel of straf oor sy sondes.

Die ware gelowige weet dat daar tussen hom alleen en die Here geen sprake van vrede
is nie,

- want die Here is toornig oor ons sondes, en
- ons bly ongehoorsaam omdat ons magteloos is om goed en reg te lewe.

Die mens wat die vermoë het om reguit te dink besef dat hy doodgewoon 'n goddelose is.

Daarom is hierdie gedeelte in die Bybel so uiters belangrik en troosvol, want dit rig ons in
die geloof op God, dié God wat goddelose mense regverdig maak (Romeine 4:5, 25).

1. God se groot genade

2. In die troonsaal van God

1. God se groot genade

Op die oog af lyk dit na 'n teenstrydigheid dat die heilige God Hom met goddelose mense bemoei, maar dit is nie.

- Daar staan in Romeine 8:32 (vergelyk ook Galasiërs 2:20, Efesiërs 5:2, 25) dat God sy Seun Jesus Christus in die dood oorgelewer het om ons te red.
- Dink daaroor: Die Here Jesus Christus is oorgelewer ter wille van ons sondes en Hy het opgestaan ter wille van ons regverdigmaking.
- Dit beteken dat Hy ons saam met Hom uit die dood neem in die hemel in (vergelyk Romeine 3:21 en Kategismus Sondag 17).

U moet oplet dat Paulus die dood en opstanding van Jesus Christus byna altyd saam noem (vergelyk Romeine 8:34).

- Die bedoeling is dat die Bybel dit daarmee duidelik wil stel dat Christus vir ons volkome voldoening en versoening by God bewerk het.
- Dit is waarom Romeine 5 begin met die stelling dat daar vrede tussen ons en God is.

Die apostel het in die voorafgaande gedeelte reeds gewys op die aard en inhoud van die geloof, naamlik die evangelie dat God deur Jesus Christus goddelose mense regverdig maak.

- Die tema wat hy wil tuisbring is dat die evangelie 'n krag van God is tot behoud van elkeen wat glo.

Hy vertel ook presies hoe dit gebeur het, en in hierdie vertelling sluit hy aan by dieselfde dinge wat deur ons gedagtes gaan en wat ons ook kwel, naamlik wat word van die toorn van die Here oor my sondes?

- Hy wys dan dat die toorn van God in Christus se straf aan die kruis geopenbaar is.
- Dis nie 'n saak waarvan u as gelowige kan kennis neem asof dit los van u staan nie.

Toe God sy Seun laat sterf het, het die Here daarmee baie duidelik gemaak hoe Hy voel oor sonde en wat Hy daarmee doen – God het Hom gestraf vir alle sondes wat by ons voorkom.

Hierdie kruisiging van die Here Jesus Christus behoort vir elke mens wat kan dink 'n verskriklike waarskuwing te wees ten opsigte van sy eie toekoms as hy die Here nie van harte aanbid nie en hom van sy sondes nie wil bekeer nie.

- Natuurlik kon en het die Here Jesus Christus hierdie straf van God oorleef – dit kon Hy doen kragtens die feit dat Hy God is.
- Maar u moet onthou dat Hy dit uiters beperkend gedoen het, want Hy het die straf van God net gedra vir dié wat in Hom glo en wat Hom van harte aanbid en bely.

Daardie mense wat die Here Jesus aanbid, het iets wat by ander mense nie voorkom nie, naamlik die vrug van die geloof: vrede in die Here Jesus Christus.

- Die Bybel sê nie dat jy die betrokke soort vrede eers sal kry wanneer jy glo nie.
- Dit staan daar as 'n feit: Ons het vrede.
- Dit wil sê, ons het vrede in ons verhouding met God, want hy het ons deur die geloof geregverdig.

Dit beteken dat die Here my teruggebring het in 'n herstelde verhouding met Hom.

- Ek staan nie meer tot Hom in die verhouding van iemand wat verdelg sal moet word oor al sy onheiligheid nie –
- iemand wat elke oomblik met vrees en verskrikking dink aan die Here nie!

Hierdie herstel gebeur deur die Here Jesus Christus; daarom is dit Hy wat die vrugte van die herstellende verhouding met God die gelowiges se eiendom maak.

- Die Bybel sê ons het **toegang** tot die genade waarin ons staan.
- **Toegang** beteken dat die Here Jesus Christus dit verwerf het, en toe vir ons gegee het.

2. In die troonsaal van God

Die saamlees van die woorde **toegang** tot die genade en **staan** in die genade, laat mens dink daaraan dat hier gedink word aan toegang tot die troonsaal van die Here en om dan voor die troon van die Here te gaan staan.

- Hierdie genade het dus 'n baie swaar toekomspektief, want dit wys ongetwyfeld daarop dat ons deur die Here Jesus Christus in die koninkryk van God ingaan.
- Die woord **staan** beklemtoon dan natuurlik ook die vastheid daarvan dat ons in die verlossing van die Here Jesus gevestig is en nie daar kan uitval nie (vergelyk 1 Korintiërs 15; 2 Korintiërs 1:24).

Die matjie kan nie onder ons heil uitgepluk word nie.

- Ons verlossing staan vas en onwankelbaar in die Here Jesus Christus.
- Dit staan ook net so vas teen die aanslae van die listige duiwel, want die genade wat ons het, is op 'n plek waar die duiwel ons nie kan bykom nie, want net dié wat in die Here Jesus Christus lewe, het vrye toegang daartoe.

Die duiwel is nie so iemand nie en daarom kan hy ons binne die grense van hierdie genade nooit bykom nie. As mens dit ruimtelik mag voorstel, kan ons sê dat hy ons net kan aanval as ons na sy terrein toe gaan.

Dis nie al nie!

- Ons genade is ook nog vir ons gewaarborg in die heerlijkheid van God!
- Dis tog een plek waar die satan nie meer kan wees nie.

U moet fyn lees wat die Bybel hier sê. Daar staan dat ons ons ook in die heerlijkheid van God roem (vergelyk 3:23).

- Dit openbaar iets van onself: Ons is nie meer goddeloses nie.
- Die toegang tot die genade deur die Here Jesus Christus het ons totaal vanuit ons hart uit verander – so dat ons lewenstyl nie meer goddeloosheid openbaar nie.
- Ons lewenstyl vertoon nou die roem in die heerlijkheid van die Here.

Dan begin die Bybel dit duidelik stel dat roem nie net moontlik is as jy eers in die hiernamaals is nie.

- Die roem in die Here spring nie oor die huidige dinge in die tyd om eers met die wederkoms te begin nie.
- Dis iets baie belangriks wat hier geskryf staan: Die hoop wat ons in die Here Jesus Christus het, moet ook gestalte kry in ons alledaagse gebroke lewe.

Daarom skryf Paulus dat hy ook roem in sy verdrukking, want hy weet dat daar 'n verband bestaan tussen lewensbenoudheid en die blydschap dat jy verlos is in die Here Jesus Christus.

- Die een is 'n toets vir die ander, want as jy deur al jou hartseer kan gaan met die wete dat God jou regverdig maak,
- dan weet jy mos dat God jou nie aan die tevergeefsheid oorgee nie.

Paulus se gedagtegang is duidelik:

- Wie geregtig is en staan in die genade, het deur die Here Jesus Christus die sekerheid dat hy bewaar word in hierdie lewe.
- Verder het hy die sekerheid dat hy, as hy in die oordeel van die Here kom, vrygespreek gaan word.

Dis waar verdrukking of spanning in ons lewe inpas.

- In hierdie verdrukking leer hy sy eie onwaardigheid ken en daardeur verstaan hy dat hy lydsaam moet wees.
- Dit gee aan hom die ervaring dat mens nie tevergeefs op God se beloftes bou nie.

Al hierdie dinge leer die gelowige om uit te sien daarna dat hy in die heerlijkheid van God ingaan – die heerlijkheid wat vir hom in die Here Jesus Christus gewaarborg word.

Dié dinge is dinge waarop ons hoop.

- Hoop beteken nie hier dat dit nou maar iets is wat ons so vaagweg verwag, wat moontlik kan gebeur of dalk ook nie.
- Hierdie hoop is 'n ding wat werklik gaan gebeur en wat 'n fondament het waarop dit staan.

Hierdie fondament staan ook buite my wensdenkery en selfs heeltemal buite my krag en vermoëns.

- Die fondament lê in die versekering van die Heilige Gees deur die soendood van die Here Jesus Christus.

Die werking van God die Heilige Gees in ons is baie belangrik.

- Die Heilige Gees is aan ons gegee om 'n bepaalde werk te doen: Hy stort die liefde van God in ons harte uit.
- Daardeur vestig Hy in ons die openbaring dat die liefde van God vir ons so groot is dat Jesus deur sy dood vir ons vrede gemaak het met God.

Die Bybel maak dit duidelik dat dit hier gaan oor God se liefde vir ons en nie ons liefde vir God nie.

- Dit staan al in vers 5 dat God sy liefde in ons harte uitstort.
- In vers 6 word dit weer beklemtoon.

Hoe gebeur dit?

- Die Heilige Gees rig die hart van die gelowige op die offer van die Here Jesus Christus.
- Hy laat die gelowige hoop daarop dat die soenverdienste van die Here Jesus Christus hom ook salig maak.

Vers 5 het gesê dat die hoop nie beskaam nie en nou kom sê vers 6 waarom die hoop nie beskaam nie.

- Die Here Jesus Christus het op die regte tyd vir die goddelose gesterf.
- Hy het gesterf op 'n tydstip toe die mens besef het hoe groot sy swakheid werklik is, en toe hy besef het dat hyself absoluut niks daaraan kan doen nie omdat hy in sy wese goddeloos is.

Die woord **goddelose** beskryf my soos die Here my sien ten opsigte van al die dinge wat ek verkeerd doen.

- Die woord dui die geweldige gevaar aan waarin die mense verkeer wat God nie van harte aanbid nie.
- Hulle gaan deur God vernietig word, want Hy vernietig goddeloses.

Maar dan kom daarteenoor juis die genade van God na vore: Op die regte tyd het die Here Jesus Christus vir ons wat van nature goddeloos is, gesterf.

Nou kan ons gelowige mense eerlik sê dat ons nie bekommerd is oor ons verhouding met die Here nie.

- Ons weet wat gaan gebeur as die Here ons die dag gaan oordeel.
- Hy gaan ons regverdig verklaar in die Here Jesus Christus.
- Ons gaan op die nuwe aarde gevestig word omdat ons uit die geloof geregverdig is.
- Ons het vrede by God deur ons Here Jesus Christus.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 128:4 (sing: *ons* i.p.v. *jy* en *jou*) (p. 628)

4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 31 Augustus 2014